

Sondag, 7 Junie 2020
Fokusteks: Genesis 1 - 2:4

Daar is 'n ou, bekende geestelike lied wat so lui: *"He's got the whole world in his hands."* Die lied herinner ons daaraan dat God in beheer is van alle aspekte van sy skepping en dat ons troos kan put uit sy teenwoordigheid. Voorwaar 'n pragtige lied, maar sal ons dit waag om dit in hierdie tyd te sing? Dalk is die eertydse Afrikaanse sanger, Randall Wicomb se lied, *"Dis 'n rondomtaliewêreld,"* meer gepas. Dit voel op die oomblik asof alles in die skepping op sy kop gekeer is. Wie of wat is nou regtig in beheer van die skepping? En as God die wêreld geskep het, wat is sy plan met die mens? Ons het 'n ernstige behoefte aan God se teenwoordigheid in hierdie tyd. Ons wil graag die versekering hê dat ons, soos die lied sê, regtig in sy hande is. Ek glo die skeppingsverhaal in Genesis kan ons daarmee help.

Op hierdie punt is dit nodig om iets te sê oor die godsdienstkultuur van die antieke tyd. Dit was nie net Israel wat geglo het dat die hemel en aarde geskep is nie, die ander nasies en godsdienste het dit ook geglo. Jy sou nêrens iemand kry wat homself 'n ateïs noem nie. Ateïsme het glad nie bestaan nie, want almal het geglo dat die skepping deur 'n goddelike daad tot stand gekom het. Die vraag is net wie of watter nasie se God die wêreld geskep het, en hoe die mens in die prentjie pas.

Israel was van vroeg reeds bekend met die skeppingsverhaal, maar dit is eers heelwat later in hul geskiedenis neergeskryf. Meeste Skrifverklaarders is van mening dat dit tydens Israel se ballingskap in Babel neergeskryf is. Afgesien van die Bybelse verhaal, was daar ook ander skeppingsverhale, en Babel het sy eie verhaal gehad. Kortliks kom dit daarop neer dat Marduk, een van die gode, 'n bloedige stryd teen die ander gode gevoer en hulle uiteindelik oorwin het. Uit die lyf van een van die gode het hy toe die hemel en aarde gemaak. Die Babiloniese skeppingsverhaal is eintlik niks anders as 'n oorlogsverhaal van geweld en konflik nie. Daarvolgens het die skepping deur stryd tot stand gekom.

Verder het Marduk die koning van Babel as sy verteenwoordiger aangestel. Die koning se taak was om die stryd op aarde voort te sit. Hy voer oorlog teen ander nasies, slaan hulle geboue en tempels stukkend en vier oorwinning in die naam van Marduk. Dit was dan ook die gebruik van die Babiloniërs om elke nuwe jaar vir twee weke lank fees te vier ter ere van Marduk se skepping en sy oorwinning oor ander volke.

Stel jouself voor jy is 'n Israëliet wat gevange gehou word en jy moet dit elke jaar aanskou. Daarom is die skeppingsverhaal van die enigste, ware Skeppergod neergeskryf as 'n protesgeskrif teen die feesvieringe van die Babiloniërs. Maar die protes lyk nie soos die optogte in ons land en ander wêrelddele waar dit dikwels met geweld en plundering gepaard gaan nie. Nee, God het nie nodig om 'n stryd teen iets of iemand anders te voer nie. Hy praat net, en dan kom iets tot stand. Hy hoef nie te triomfeer soos Marduk nie, Hy skep met woorde. Net 'n woord, geen stryd, geen geveg. God tem die chaos aan die begin met net 'n woord.

Die Bybelse skeppingsverhaal was vir Israel 'n troos. God is die Skepper, nie Marduk nie. Daar is geen chaos wat hulle kan bedreig nie. Hulle kan moed skep, al is hulle omstandighede benard. Hoor Israel, julle God is in beheer. Hy heers, en hierdie skepping is syne, Hy het dit self gemaak. Hierdie aarde is God se aarde, Hy het dit by niemand afgevat nie. Hier kan geen chaos beheer uitoefen nie. Al het die duisternis weer begin toesak as gevolg van die mense se sonde, het die ware Lig, Jesus Christus, aarde toe gekom en geskyn, en die duisternis kon dit nie uitdoof nie - so lees ons in Joh.1.

Die Babiloniërs het geglo Marduk het die koning van Babel as sy verteenwoordiger aangestel om verder stryd en oorlog te voer. Maar God het die mens as sy verteenwoordiger gemaak om in liefde en vrede met Hom en met mekaar te leef. Waar die koning van Babel daarop uit is om te vernietig en af te breek, is die opdrag van God aan die mens om lewensruimte te skep.

Die verskil tussen die mens en dier kom duidelik na vore in die wyse waarop God elkeen skep. In hfst.1:24 sê God: *Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard.* Maar in v.26 kom daar vir die eerste keer 'n wending: *Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld...* God gee die aarde telkens die bevel om hierdie of daardie dinge te laat voortkom, maar wanneer die mens geskep word doen God dit persoonlik. Dit bevestig die persoonlike verhouding tussen God en mens. Dit is uniek by die skep van die mens. Dit maak die mens anders as die res van die skepping. God is persoonlik by die mens betrokke. Daar bestaan 'n verhouding tussen God en mens wat anders is as by die diere. Daar kan nou ook 'n gesprek tussen God en mens plaasvind. God praat en die mens antwoord terug. Die feit dat Hy hulle man en vrou geskape het, beteken verder dat daar ook 'n verhouding tussen mense ontstaan. Daar gebeur nie net iets tussen God en mens nie, maar ook tussen mens en mens. Ons hoef nie eensaam te leef nie. God se bedoeling met sy skeppingswerk is een van persoonlike verhoudinge. Hy wil nie hê dat ons in vyandskap moet leef, mekaar moet ignoreer en nie met mekaar kommunikeer nie.

Die mens se uniekheid as beeld van God kry in v.28 verder gestalte in die opdrag om die aarde te bewoon, te bewerk en oor die diereryk te heers. Volgens die Babiloniese verhaal moes die mense die gode met offers dien om hulle gelukkig te hou. Dit was 'n swaar las wat hulle opgelê is en daarom was dit eintlik niks anders as 'n soort slawediens aan die gode nie. Maar in die Bybelse skeppingsverhaal is die mens nie 'n slaaf nie. Daar word eerder 'n gesagsposisie aan die mens toegeken. Die aard daarvan is om met verantwoordelikheid te heers oor God se skepping, amper soos wat 'n betroubare plaasbestuurder die belange van sy eienaar op die hart dra. Arbeid was nooit 'n swaar las in die tuin van God nie, maar 'n voorreg en vreugde.

Nou weet ons ook uit die Bybelse geskiedenis dat die onverwagte gebeur het. Adam en Eva oortree die Here se gebod, Kain slaan sy broer, Abel, dood, en so neem die sonde toe sodat die verhoudinge tussen God en mens, en tussen mens en mens, vertroebel word. Maar dis nie al nie. Deur die toedoen van die mens se sonde is die aarde ook vervloek met dorings en dissels, en die lewensbestaan van die mens sal met swaarkry gekenmerk word (Gen.3:17-19). Beteken dit dat die mens nie meer die beeld van God dra nie? En dat hy nie meer God se verteenwoordiger is nie? Nee, die sonde kan nie die skeppingsdaad van God kanselleer nie. Daarom lees ons in Gen.9:5,6 dat God rekenskap sal eis van iemand wat 'n ander mens vermoor, omdat Hy die mens geskep het as sy verteenwoordiger (beeld). Ons sal mooi moet dink hoe ons met ander mense omgaan. Ons sal mooi moet dink wat dit beteken om God se verteenwoordiger op aarde te wees, en hoe ons dit moet uitvoer. As ons iemand verkleineer of beledig tas ons die beeld van God aan. Leef ons langs mekaar of téénoor mekaar? As ons téénoor mekaar leef, beskadig ons nie net mekaar se lewens en eiendom nie, maar ook die doel waarvoor God ons geskep het. Dan is ons nie meer God se verteenwoordigers nie, maar verteenwoordigers van onself en ons eie ideale.

Genadiglik het God Hom nie van sy skepping onttrek nie. Hy het nie opgehou praat met die mens nie. Deur die geskiedenis heen gebruik die Here verskeie van sy dienaars om die goeie nuus te bring, naamlik dat die Here in sy groot liefde en genade die stukkende verhoudinge wil herstel. Daarvan kan die roeping van Abraham en sy nageslag getuig. Hulle word die eiendomsvolk van God wat die goeie nuus by al die nasies moet uitbring. Uiteindelik sou Jesus, die volmaakte Beeld van God, ons weer versoen met God. Met Pinkster het ons ook die Gees ontvang om elke dag met ons te wees.

Ons troos is dat God 'n goeie wêreld geskep het. Hierdie wêreld is gebreek, deur menslike ongehoorsaamheid. Maar God is nie klaar met die wêreld wat Hy aan die begin goed geskep het nie. Selfs al is die wêreld stukkend en diep gebreek, is dit goed om 'n mens te wees wat aan God behoort deur die volmaakte mens, Jesus Christus. Hy het vir ons verlossing gebring en ons vasgebind aan God ons Vader, deur die krag van die Heilige Gees. Die skeppingsverhaal troos ons. Alles het uit God se hand ontstaan en sal nooit uit God se hand glip nie.

Op die oog af kan dit vir ons lyk soos 'n rondomtaliewêreld, maar God is nog lank nie klaar met sy skepping nie. Die woorde van die lied is waar:

He's got the wind and the rain, in his hands...
He's got the tiny little baby, in his hands...
He's got you and me, brother, in his hands...
He's got you and me, sister, in his hands...
He's got everybody here in his hands...
He's got the whole world in his hands!

Gebed

Almagtige en Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

Dankie dat U hier by ons en by u skepping is.

Ons bely ons aandeel aan 'n stukkende wêreld waarin ons leef,

maar ons weet dat U vir ons 'n nuwe hemel en nuwe aarde sal gee wanneer U weer kom.

Help ons om u beelddraers te wees wat die liefde en genade van Christus uitstraal.

Ons bid dan nou dat die genade van die Here Jesus Christus

en die liefde van God

en die gemeenskap van die Heilige Gees

by ons almal sal wees.

Amen